PUKKE!
vir al u kleurbaadjies
Johan Claassen Broers
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Kerkstraat 92
Tak: Tomstraat 100

die WAPAD
Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.
In u lig sien ons die lig.
JAARGANG XXVII DINSDAG 3 OKTOBER 1972 Nr. 12

CACHET APTEEK
Groot genoeg om u te bedien
Klein genoeg om u te ken.
★
DIE STUDENTE-APTEEK

# DIE OUES MAAK PLEK VIR DIE NUWES

Dit gebeur deesdae baie op die kampus dat die oue plek moet maak vir die nuwe. Só het dit ook Haak-en-Steek se beurt geword om te swig en wel voor die uitbreidingsdrang van die nuutgestigte Departement Beeldende Kunste.

Die inwoners van hierdie toonaangewende koshuis — die enigste vyfsterkoshuis op die kampus — neem vanjaar met 'n swaar gemoed afskeid van die koshuis wat vir hulle vir so baie jare 'n rusoord was ná harde en inspannende studie en klasdraf.

Aan die ander kant is dit miskien goed dat daar weggedoen word met die koshuis, want dit blyk die enigste manier te wees waarop die inwoners ooit daaruit sal kom.

Die koshuisverteenwoordiger van DIE WAPAD het onlangs 'n bietjie in die argiewe gekrap en het op die meegaande foto afgekom van die inwoners van Haak- en-Steek van die jaar 1927. Die meeste van hulle is nog op die Puk en as u mooi kyk, sal u sommige van die ou gesigte herken.



**Op die foto regs is: Staande: Kowie Meijring; Christoffel Kotze; Barend Freij; Niklaas Meerkotter; Wilhelm Pelser; Sittende: Hennerik de Villiers; Diederik Human, Theunis van Rooij. Knielende: Ernistus Botes en Pieterman Kleijnhans en Voor: Dawid Naudee en Daneweel Gildenhuijs. (Foto: Fotokuns)**

# Eerste sportvrou van die jaar

Die prestige-dinee van die jaar, die Sportinstutuut se dinee is op 3 Oktober in die Impala Hotel gehou. Die hoofspreker van die aand was Dawie de Villiers, die mees gevierde Springbokrugbykaptein van Suid Afrika, en as gasheer en -vrou het opgetree Prof. en mev. D. P. J. Smith. As seremoniemeester het opgetree mnr. K. Kruger terwyl mnr. P. Malan die gasspreker voorgestel het nadat Prof. W. N. Coetzee 'n verwelkoming tot die aanwesiges gerig en 'n heildronk op die Sportinstituut ingestel het.

Die bekendmaking van die Sportman en -dame van die Jaar het as geen verrassing tot die aanwesiges gekom nie. Eliza dos Santos en onse Fanie van Zijl. Watter waardige keuses is dit tog nie. Dit was die eerste keer in die geskiedenis van die Puk dat daar 'n Sportdame van die Jaar aangewys is en dus was dit ook gepas dat die toekenning gemaak is aan 'n Springbok.

Die damestrofee is soos die manstrofee deur Old Mutual geskenk.

Fanie van Zijl is vanjaar vir die derde keer aangewys as die Sportman van die Jaar. Die vorige kere wat die eer hom te beurt geval het was in 1969 en 1970. Slegs Willie Coetzee kon vantevore ook daarin slaag om drie keer (1966—1968) aangewys te word as die Sportman van die Jaar. Hierdie toekenning is aan Fanie gemaak op grond van sy atletiekprestasies gedurende die jaar en sy onlangse oorwinning oor wêreldrekordhouer Jim Ryun van die V.S.A. in die 1 500 m.

Die netbalklub is aangewys as die eerste wenner van die Interklub-wisseltrofee wat deur Prof. W. N. Coetzee geskenk is vir interklubkompetisie. Die basis vir toekenning is prestasie op interuniversitêre vlak en hier was die netbalklub die aangewese op grond van hulle gesamentlike eersteplek met U.O.V.S. en Stellenbosch op die S.A.U.-netbaltoernooi. Daar was altyd 'n leemte aan gesonde kompetisie tussen sportklubs op die Puk en ons vertrou dat die trofee die leemte sal vul.

Die Presidentsmedalje vir rugbyspelers wat die meeste vordering die afgelope jaar gemaak het, is toegeken aan Dries Coetzer en Schalk van der Merwe.



ELIZA DOS SANTOS
(Foto: Fotokuns)

Mej. Triena Roestorf het vir die tweede agtereenvolgende jaar die Corrie van Rooy-wisselbeker ontvang vir die dame wat die meeste vir sport op die Puk gedoen het.

Erekleure is aan die volgende persone toegeken:
S. Kotze (atletiek)
S. Marx, M. Viljoen (atletiek)
R. Schoeman (gholf)
E. dos Santos (gimnastiek)
O. Chisholm (manshokkie)
K. Erasmus (kanovaart)
N. Breedt, S. Willemse, J. H. Kruger (krieket)
D. Gildenhuys, P. van der Walt, B. Rose, H. Venter (landloop)
S. Kruger (tafeltennis)
J. Stoffberg, A. Coetzer, S. de Waal (rugby).

Wisselbekers vir 1972 is oorhandig aan:
De Klerk-beker — J. P. Verster.
C. van Rooy-beker — T. Roestorf
C. de Jager-beker — E. Ferreira
Pepsi-Cola-beker — A. Slabbert

● Vervolg op bladsy 9



FANIE VAN ZIJL
(Foto: Fotokuns)



Dit werk regtig so!
Open 'n Spaarrekening by Saambou-Nasionaal.
Jy kan enige plek in die land geld daaruit onttrek. En enigiemand (selfs jou pa) kan enige plek in die land geld op jou rekening inbetaal.
Boonop betaal ons jou 4% rente op *daaglikse* balans... net omdat jy so slim is!
SAAMBOU-NASIONALE BOUVERENIGING

BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
★ BOUTIQUE
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KUNSHAARSTUKKE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 89b en c.
Foon 5943, 3377
STUDENTE APTEEK

# DIT IS WEER LENTE



# OR DIE ONDERDEUR

Liewe Verliefdes, Verloofdes en Getroudes,

Wat 'n onregverdigheid! Die lente bring vir ander nuwe liefdes en vir sommiges hooikoors. Dit raak party weer anders, want Vasie de Kock is nou so vas soos nooit tevore nie.

Jan die penningmeester, mag nie sê watter een, begin ook vastigheid kry. So ook Leo van Schalk. As gevolg van die nederlaag op Bloemfontein, het Renée besluit om verloof te raak. Betsie Schlebusch ook.

So van poerse toere gepraat. People say it's just a tour-romance. Of hoe sê julle Francois, Ria, Stoffel, Magda, en so meer. Maar wag, daar's mos weer 'n Florna-toer. Zak Ferreira, om te sleep is mos 'n grênd affêre.

Party ouens raak net stil en verdwyn. Johan elke keer Tzaneen toe en Dries elke keer Florida toe. Ek weet dis nie waar Ronel bly nie. Bennie Howard ken jy iemand op Westonaria ook?

Sommiges se uithouvermoë is ook beter as ander. Vra gerus vir Sakkie en Kathy, Louis en Elaine, Johan en Elsabé, Koos en Elsa. Om iemand lief te hê is om 'n wonderwerk te sien wat ander nie sien nie.

William is baie bly dat Karlien se donkie vyf jaar oud is. Japie kla net dat Klawerhof baie ver is en Chris dink die gras is groener anderkant die spoor. Koos Saaiman stem volkome saam. Saal de Jager dink alweer dis net Kasteel se meisies wat kan roei.

Nilene Langenhoven en Jan van Wyk-de Vries — nie 'n slegte kombinasie, nogal goeie smaak.

Nou-ja, onder die onderdeur, bo die deur, so tussen die eksamen deur, sleep lekker en vasbyt, dis een van die dae weer feestyd!-

AGIE.

## STERKTE

DIE LENTE — die mooiste tyd van die jaar, en raai wat moet ons arme studente doen? — „swot" natuurlik — die akademie kom mos altyd eerste.

IN elk geval „mede-swotters" — ons wens jul sterkte toe vir die komende eksamen — ons hoop julle slaag daarin om daardie verborge kennis op papier te stel!

## FAIR PLAY

People who ask my opinion
On local and worldwide affairs,
Would please me far more if they didn't
Insist, then, on giving me theirs.

RICHARD ARMOUR.

# ASTER

DEUR JESSICA

## *Strop om die nek*

**AL OOIT GEHOOR van 'n samestelling van die somer se nuutste modegiere ineen? Natuurlik die halternek, gemaak van die sagste, sagste kleedstowwe, halfdeursigtig, versier met delikate blomtakkies of sterker ontwerpe wat hierdie somer die voortou neem. Effekleure, soos in die skets, is ook geskik.**

**Die halternek het talle variasies. Eenvoud bly maar die mooiste en treffendste vir formele drag; 'n oop rug, lae hals en dun bandjie wat netjies agter die nek vasstrik. Nie minder treffend, dié een wat sag en vroulik om die nek saamgesmok is. Die snit is egter nie net beperk tot aanddrag nie, maar vertoon ook mooi langs die swembad (net nie op die kampus nie).**




CACHET MODES

DIE DAMESWINKEL

bied u

SOMERMODES

wintermodes








# Somer, Son en Saffie ...

**SOMER IS 'N FEES VAN KLEURE. Die hele wêreld borrel oor in kanariegeel, appelgroen en kersierooi — mens verkyk jou omtrent aan die vrolike swaai van bont somerrokkies en die bekoorlike inhoud daarvan. Dus is dit geen rare verskynsel om in menige dameskamer die verrassing van vroeë somerrosies te vind nie.**


Somer is lui, warmkry dae wanneer die dam met sy blinkkoel lafenis lok. Onder skaduspatsels van nuutgroen wilgerbome, draal salige uurtjies van prof. in die Kafeteria. Somer is studentwees en jonkwees.

Somer is pret!


VORSTER APTEEK

# DIE MANNE AAN DIE ROER VAN SAKE

**Hieronder volg die name van die Studenteraad soos verkies op 6 September 1972**



Mnr. Fika van Rensburg



Mnr. Nico Ligthelm



Mnr. Leo van Schaik



Mnr. Karl Rost



Mnr. Frans Kruger

(Foto's: Fotokuns)

Mnr. J. J. (Fika) Janse van Rensburg is op 6 September gekies as die nuwe voorsitter van die Studenteraad van die Potchefstroomse Universiteit. Hy is 'n derdejaar B.A.-student en is een van die jongste voorsitters wat nog deur die studente gekies is.

Hy is op 12 September 1951 gebore. Fika was hoofseun van die Hoërskool Standerton waar hy gematrikuleer het met vyf onderskeidings. Sy hoofvakke waarmee hy tans besig is, is Grieks III en Wysbegeerte III, en dan neem hy ook nog Latyn III.

Die ander lede van die dagbestuur van die Studenteraad is: Mnr. Nico Ligthelm — ondervoorsitter; Leo van Schaik — sekretaris; Karl Rost — penningmeester en Frans Kruger — addisionele lid.

Die volledige Studenteraad is:
A.B.K.K.: Leo van Schaik, Jan Nagtegaal, Riaan Odendaal.
A.O.B.: Nico Ligthelm, Vasie de Kock, Kobus van der Walt (jnr.)
K.V.V.: Etienne Schalekamp, Marius Schalekamp, Paul Kruger.
P.N.B.: Pieter Mulder, Frans Kruger, Quintus Pelser.
S.A.B.: Konkie van der Walt, Koos Kruger, Oosie van Niekerk.
S.S.B.: Eugene van Wyk, Dries Coetzer, Andries Krogman.

# So lyk die hoofbesture

**HIERONDER volg die name van die verkose persone vir die onderskeie hoofbesture, soos verkies op 6 September 1972.**

## A.O.B.-hoofbestuur

Voorsitter — Nico Ligthelm
Ondervoorsitter — Kobus van der Walt.
Penningmeester — Danie Hugo
Sekretaresse — Sonia Arnold

## K.V.V.-hoofbestuur

Voorsitter — Etienne Schalekamp
Sekretaresse — Susan Venter
Penningmeester — Francois van Wyk.

## Addisionele lede

Christo Botha
Ben Cloete
Tiaan Kruger
Wim van der Walt
Herman Venter
Nico van der Walt

## S.A.B.-hoofbestuur

Voorsitter — Konkie van der Walt
Sekretaris — Japie Robbertse
Penningmeester M. J. Greyling

## S.S.B.-hoofbestuur

Voorsitter — Eugene van Wyk
Sekretaresse — Triena Roestorf

## A.B.K.K.-hoofbestuur

Voorsitter — Leo van Schaik
Sekretaresse — Cecilia Kirchner

## P.N.B.-hoofbestuur

Voorsitter — Pieter Mulder
Sekretaris — Louis Pienaar
Penningmeester — Isak Pieterse
Piet Grobler — Jan Swanepoel
Kompleks — Francois van Wyk
Over de Voor — Charl van der Merwe
Heide — Francina Ackerman
Kulu — Cecilia Bingle
Dorp — George Lotter
Dawie Dup Noord — Leon van Rooyen
Skuur — Frans van Dyk
Karlien — Trudie van der Merwe
Kasteel — Ester Rumpff
Klawerhof — Magda Lee
Oosterhof — Elise van Biljon
Dawie Dup Suid — M. Stolz.

# SCHWANEKE IS 'N UNIEKE SKILDER

Mnr. Ulrich Schwanecke, een van die kunstenaars wat deelgeneem het aan die uitbouing van die P.U. se kunsgalery vroeër vanjaar, het van 12—22 September 1972 twee en dertig van sy kunswerke by die Universiteit uitgestal.

Prof. G. M. Ballot, wat die uitstalling geopen het, het daarop gewys dat mnr. Schwanecke in twee mediums skilder: een is in waterverf en die ander monomulti-tipe werke. Die multi-tipe werke bestaan uit verf op glas waarna dit afgedruk en verder met die hand bygewerk word tot mono-multi-tipe stukke.

Prof. Ballot het gesê dat mnr. Schwanecke in die natuur 'n monumentale uitdaging vind. Die temas vir vier van sy werke is „proteas," dit is realisties en was gewild. Die temas van drie ander is „landskappe met rotse," die van twee ander „Nabome" en nog twee ander „pointsettias".

Volgens mnr. Schwanecke poog hy om in sy werk 'n ander dimensie te skep wat meer op die vlak van die verbeelding lê. Op hierdie wyse wil hy dan die persoon wat na die werk kyk subjektief betrek in die skeppingsproses. Die sukses van die uitstalling hang vir hom dan ook af daarvan of die toeskouer getref word deur selfs net één werk se dieperliggende inhoud.

Mnr. Schwanecke is in 1932 te Halberstadt in Duitsland gebore en hy het in 1952 na Suid-Afrika gekom. Hy het sy eerste formele kunsopleiding in Suid-Afrika ondergaan van mev. Raath in Welkom. In 1969 behaal hy, deur buitemuurse studie aan Unisa, die B.A.-graad in Skone Kunste. Hy werk tans voltyds by Departement van Mynwese.



# By die stembus


POTCH. SPARES
(PTY.) LTD.
VIR ALLE MOTORONDERDELE EN TOEBEHORE
FOR ALL AUTOMOTIVE PARTS & ACCESSORIES
★
Tel. 6077, 4595 Posbus/P.O. Box 260
39 Lombard Str. 39, Potchefstroom, Tvl.

U het volop keuse in ons grootverskeidenheid
- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK
„die potchefstroomse boekhandel"
TOMSTRAAT 86 — TEL. 5236 — POTCHEFSTROOM

die WAPAD

# Skrif aan die muur

Die tekens is in die lug. Die akkerbome in Tomstraat is 'n gesig om te aanskou en dames met mooi rokkies is 'n lus vir die oog. Vir sommige het die waterjaar aangebreek — 'n manskoshuis moet met 'n reënjas binnegegaan word uit vrees vir waterdruppels van 'n plastieksak.

Te midde van die mooi dinge loop daar baie langgesigte op die kampus rond. Die oorsaak — eksamen is in die lug. In ons eerste jaar het die prof gesê dat as die wilgerbome begin bot dit reeds te laat is om te begin blok vir die eksamen. Enersyds is dit waar woorde maar andersyds het ons eers begin studeer as die bome lank reeds oortrek was van groen blare en tog die eksamen geslaag het.

Die vraag ontstaan met watter gesindheid ons die komendê eksamen benader. Studeer ons net om te slaag, om pa en ma te plesier, om met reikhalsende verlange uit te sien na 'n eerste salaris of studeer ons om ons kennis te verbreed om sodoende ons land en volk te kan dien?

Hoe baie van ons studeer in 'n sekere rigting met uitsluitlike materiële motiveringe? Die kursus wat dit moontlik maak om so gou moontlik 'n sportmotor en 'n kragtige motorboot te kan bekostig, dít is die populêre kursus. As 'n persoon eers in die praktyk staan, vergeet hy baie gou sy taak en roeping as Afrikaner. Dit gaan net om 'n persoon se eie gemak en welvaart. Hoe min neem deel aan aktiwiteite wat nou betrokke is aan sy eie kultuur en politiek? Is die situasie in ons land nie reeds so dat elke Afrikaner 'n verantwoordelike en roepingsbewuste persoon moet wees nie?

Aan al die Pukke wat ons Alma Mater gaan verlaat onthou net die befaamde woorde: „Vervul jou roeping."

# Nee, Pukke

'n Mens verwag nie sulke swak gedrag van toeskouers nie en veral níe op Olënpark nie, hoewel daar gepraat kan word oor sake wat sulke gedrag uitlok.

Ondersteuners van die Puk moet geraps word, want behalwe dat dit lelik is om 'n speler uit te jou terwyl hy 'n strafskop pale toe waarneem, is dit vir die betrokke speler ook senutergend.


In dieselfde asem moet 'n mens egter ook die skeidsregter onder die soeklig plaas. Mnr. Jannie van der Merwe is bekend as een van die beste skeidsregters (indien nie dié beste nie) in Wes-Transvaal en juis daarom was dit onrusbarend om te sien waarmee Rustenburg weggekom het in hul wedstryd teen die Pukke. Dit is so dat 'n skeidsregter nie alles kan raaksien nie, maar dit is ook so dat sulke voorvalle kan veroorsaak dat 'n span 'n wedstryd wen of verloor.

Ons dink byvoorbeeld aan die drie wat Frans Kruger kon gaan druk het as hy nie openlik sonder die bal gelak is nie. Dan is daar nog die keer toe Bernardo beseer is nadat hy sonder die bal doodgevat is. Verder het Rustenburg uitgeblink in obstruksiepleging en vashouery.

JOUBERT MEUBELS
★
*Kom besoek ons vir*
MEUBELS VAN GEHALTE EN
GRAMMOFOONPLATE
Kerkstraat 201 POTCHEFSTROOM Telefoon 3420

U kan gerus u bande versool by . . .
GOLDEN WEST
RETREADERS
'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK!
Groot voorraad
★ NUWE en VERSOOLDE bande
Versoling nou ook verkrygbaar in die GOODYEAR G 800 loopvlak
★ Nuuts'e toestel vir WIELSPORING en -BALANSERING
LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM
Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)

## Oorlede: PROF. S. J. DU PLESSIS



Prof. Sarel J. du Plessis, hoogleraar in Semitiese Tale aan die Potchefstroomse Universiteit is op 11 Augustus 1972 in die vroeë oggendure in 'n verpleeginrigting in Klerksdorp oorlede. Hy sou op 12 Augustus oorsee vertrek het.

Wyle prof. Du Plessis was getroud met mej. Judith Goossens, 'n dogter van wyle prof. A. P. Goossens. Hy word oorleef deur sy vrou, vier kinders en 'n kleinkind.

Prof. Sarel du Plessis was 'n minsame mens, 'n deskundige in die Joodse taal en kultuur en 'n bekende in Joodse kringe. 'n Student in Israel, Rev. I. Mark, was juis nog besig met 'n doktorsgraad onder hom.

Vanaf 1 Februarie 1958 was hy dosent aan die Potchefstroomse Universiteit. Toe die Departement Ontwikkeling aan die Universiteit gestig is, was hy vir ongeveer twee jaar na dié departement gesekondeer as adjunk-direkteur (reklame).

.Hy was predikant van die Gereformeerde Gemeentes van Port Elizabeth (1946—1947), Heidelberg, Tvl. (1947—1953) en Vanderbijl-Sasolburg (1953—1958).

Hy het onder meer die grade Th.M. en D.Litt. aan die Potchefstroomse Universiteit behaal, M.A. aan die Universiteit Pretoria, en M.Div. en D.D. aan die Universiteit van Suid-Afrika.

# Deur my lens

**Reflektor**

Die einde is in sig. Vir 'n groot groep lê daar nog net een struikelblok voor — dan betree hulle 'n nuwe wêreld. 'n Wêreld waar elkeen net na homself omsien en geen flenter omgee vir die swakkeling wat nie kan byhou nie.

Tot dusver het julle nog 'n redelik beskermde lewe gelei. Hier was alles mos gedoen onder die mantel van „studentwees" (al was dit nie altyd geoorloof nie). As die kort mannetjie van die Hoofgebou gepraat het, moes almal mos gehoor gee, want hy het mos (siestog!) die wêreld se wysheid in pag. En nie net hy nie, ál die finalejaars het mos net daardie klein bietjie ekstra verstand wat nodig is om hulself te laat geld.

Kêrels, daar wag 'n ontsettende groot verrassing op julle. Julle gaan die wêreld nie as „base" betree nie, ouens, maar as rou groentjies met 'n hoop akademiese kennis. Dan gaan daardie grootheidswaan waaraan die meeste van julle op hierdie stadium ly, jou niks help nie. In teendeel, jy gaan tweede kom, want in daardie lewe kry jy met mense te doen wat die lewe ken, al is hulle nie so akademies gekwalifiseerd as jy nie. Dis iets wat jy in geen boek kan leer nie — daardie kennis van die lewe.

Dus, my raad aan julle is: Vergeet van jouself (al is dit waarom jou lewetjie draai) en vergeet daardie „eie-ek" in die tydjie wat oor is. Moenie ander mense om die teekan probeer beïnvloed nie. Probeer jy liewer om 'n slag na iemand anders te luister as om altyd daarop aan te dring dat almal na jóu moet luister. Probeer net om vir hierdie kort tydjie te vergeet dat jy al amper 'n advokaat, apteker, onderwyser of staatsaanklaer is en wees net dit wat jy nog op hierdie oomblik is — 'n studentjie wat voor sy finale eksamen staan. Kom terug aarde toe mense, kom tog terug.

Bepaal jou aandag eerder by die akademie in hierdie laaste paar dae. Maak seker dat hierdie jou laaste groot struikelblok is en nie jou voorlaaste nie. Gee liewer vir 'n ander man die kans om iets te sê, want volgende jaar is jy tog nie meer hier nie en wie sal dan daardie tradisie kan voortsit as jy daardie persoon nie 'n kans wou gee om ook te leer hoe om sy sê te sê nie?

Namens die hele PUK-massa wens ek julle sterkte met hierdie belangrike eksamen toe en wil ek die vertroue uitspreek dat dit uiters voorspoedig met julle sal gaan waar julle julle ookal mag vestig na julle opleiding alhier.

Groetnis,
REFLEKTOR.

# Revue '72

Weer eens het die Alabama Studentegeselskap daarin geslaag om 'n uitstekende Revue-program aan te bied, naamlik Revue '72.

Die tema, wat die Lewensseisoene voorstel, is baie geslaagd en dit is grootliks te danke aan die sprankelende musiekkunstenaar Johan van Rensburg en Abri le Roux wat bemoeid was met die uitdink en verwerking van die program.

Die verteller vorm weer eens 'n onmisbare skakel in Revue '72. Hy het basis die sukses van die hele program in die palm van sy hand gehad.

Die beligting waardeur pragtige effek behaal is, (Where's The Playground Suzie?), verdien spesiale melding . . . .

'n sirkel beginloos en eindloos
soos 'n wawiel die liefde —
hoé dit werk weet g'n mens,
en die wat weet sal nie sê nie.
Die lug is blou . . .
Sy hou van jou!

# Uit die Woord

**EF. 3: 14-21 (Teks: 16).**

IN ONS GEESTESOOG sien ons die geboë figuur van 'n ou man wat bid. Vir hom, wie se lewe al byna aan die einde is, is dit 'n behoefte van die hart om nog vir laas God se genade af te smeek oor hulle vir wie hy alles gegee het — die gemeente van Christus in Klein-Asië.

Hy bid: „. . . dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van Sy heerlikheid om met krag versterk te word deur Sy Gees in die innerlike mens . . ." (Ef. 3:16)

Die gemeente van Christus moet met krag versterk word. Ja, die gebed word ook vir ons gebid — ons, mede-Christene moet met krag versterk word.

Sou Paulus dan hier verkeerd wees? Is dit dan moontlik dat die gemeente van Christus nie die volle krag van Christus ervaar nie?

Ja, dit is moontlik! En dit is in ons geval ook so oorweldigend waar. Ons is mense wat lewe soos verloorders, verslaandes, terwyl ons die ewige allesoorweldigende wapen-arsenaal van ons Hemelse Vader tot ons beskikking het.

Wanneer Paulus hier bid om krag dan bid hy vir iets soos dinamiet. 'n Krag wat nie in 'n mens se siel verberg kan word nie maar wat sal uitbars en alles rondom sal verander — die krag van Christus — ja Christus self!

Geliefde Christene, daardie dinamiese krag lê in elkeen wat soos 'n rank aan die wynstok verbind is. Daardie krag lê ook binne in jou, geagte leser.

Die antwoord vir jou onmag lê in die gebed van Paulus. Buig daardie stram knieë en stywe nek in aanbidding voor God. Maar bly nie net in daardie houding nie. As jy klaar gebid het, staan op en werk in 'n vaste geloof! Jy het die krag om 'n medewerker te wees aan die heerlike koninkryk van God!

Want: „Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee." (Fil. 4:13.)

# OP DIE KOSHUISFRONT

## Makouvlei

WEER eens kan die Makouvleiers terug kyk op 'n goeie jaar. Kom ons vergeet liewers nou van die Sêr-kompetisies, Intervarsity ens., en ons bepaal ons by die interne koshuisaktiwiteite.

Die gees wat hierdie jaar in Die Vlei geheers het, kan duidelik afgelei word van die afgelope twee funksies. Eerstens het die manne besluit om die aand van die H.K.-verkiesing 'n bietjie uit te breek en die verkiesingsuitslag met 'n borspartytjie te kombineer. En wat 'n sukses was dit nie! Tussen die braaivleis rook deur het heelwat bekende liedjies die manne aangespoor tot 'n heerlike gees van eg student wees, op egte Makouvlei-tradisie! So is James Stoffberg, die ou wat deesdae tussen half sewe en half agt net „vrae" vra, as primarius aangekondig onder luide toejuiging, terwyl sy twee adjudante volgende jaar sal bestaan uit Ben Maritz en Chris Hattingh.

En toe kom die Varsity op die 20ste September: met sjampanje (wyn) nooientjies en al, lei James Stoffberg sy span op die veld teen die juniors. Onder luide toejuiging van die toeskouers het die harde stryd plaasgevind. Selfs die ex-Puk-aspirant dirigent, Wouter van Christiana, moes die knie buig teen die gladde bek van Punte Meintjies. Tot op die end was dit 'n harde wedstryd wat steeds in die weegskaal was en met die eindfluitjie was die telling dan ook 18—17 in die guns van die ouens wat links stort! En nog beter: die koshuisgees het 'n ent verder geklim.

Hiermee wil ons dan net ook die ou H.K. bedank vir alles wat hulle vir Die Vlei beteken het en terselfdertyd ook die nuwe H.K. alle sterkte toewens.

Wees gegroet!

(IN VINO VERITAS)



Só rank 'n man vir die bal

## KLAWERHOF

DIS nie net die inhaal van lesings en die akademiese drukte wat ons hier in Klawerhof laat besef het die einde van die jaar is in sig nie. Nee, daarvoor is die H.K. verkiesing en die Afskeidsdinee te belangrik.

Die volgende persone is as H.K. verkies: Ingrid Lange (Prim.), Mariet Snyman, Susan, Visser, Marlena Chapman, Elmarie Kusel, Willemien Jerling en Elizabeth Muller. Daarna het ons van die oorlog teen die vetjies vergeet en weggelê aan die soutigheidjies wat deur die 2de jaars voorgesit is. Toe is die H.K. op tradisionele wyse met Vim en koue water in hul „poste" verwelkom.

Almal het lank uitgesien na die dinee om hul „droomhelde" te skiet en hulle darem een aand van die dames se bekoring bewus te maak. Die groot aan het aangebreek en almal het deftig uitgevat na die Elgro verkas waar gasvrou Susan Visser en seremoniemeester Zak Ferreira Ferreira oorgeneem het. Em se toespraak het ons harte weer warm laat klop vir Klawerhof en na 'n baie aangename aand het ons bra onwillig teruggekeer om iets aan die akademie te probeer doen.

## Die Skuur

SOMMER groot dinge het die afgelope weke in die Skuur plaasgevind. Saterdag 16 September het ons eerstejaarmanne hulle koshuisdinee by die dam gehad. Saterdagaand, die 23ste September was dit weer die ou manne se beurt om fees te vier en saam te verkeer om 'n glasie wyn.

Alles was sommer puik. Die huiskomitee se organisasie in die verband, met Piet Taljaard en Hennie Groenewald aan die voorpunt was baie goed. Die manne het met 'n groot gees terug gekom en is sommer baie trots op dié koshuis op die kampus.

So tussen die twee groot aksies het ons Donderdag H.K.-verkiesing gehou. Op 'n heel unieke wyse is hier ook geskiedenis gemaak. Agt-en-twintig kandidate het gestaan vir H.K. waar slegs dertien kon inkom. Elke kandidaat se foto is by die stembus opgeplak en so kon elke man oordeelkundig die regte man kies.

Ons primarius is Koos Coetzee en die drie onder-primariusse is Wentzel Pienaar, Hennie Groenewald en Johan Fourie. Die Skuurmanne se koppe is reg aangeskroef want die stempersentasie was 82% wat baie goed is vir 'n koshuis met 'n inwonertal van 450 mense.

Die manier van stemmery is gebaseer op die van die Studenteraad. Dus was die moontlikheid van oneerlikheid en partydigheid ook uitgeskakel. Ons dank ook aan die manne wat met die stemtellery gehelp het.

Die uitslag is eers Vrydagmiddag ralftwee bekend gemaak. Daarna is die nuwe H.K. in oom Bossie se dam gegooi.

Die algemene gevoel in die koshuis is dat die keuse goed is. Skuur het groot planne vir 1973. Ons wil en gaan volgende jaar die Pukke wys hoe mens op die regte manier Puk-student kan wees.

Laastens seker die belangrikste — oom Joggie Hattingh ons huisvader, en ook ons twee huismoeders: Ons sê baie dankie vir alles die afgelope jaar en vertrou dat volgende jaar net so goed en suksesvol sal wees. Dit kan mos nie anders met sulke mense in ons midde nie.

## HEIMAT

SAAM met groen loofbare en geurige lentebloeisels het ook die nuwe termyn aangebreek.

Heelwat opwinding het hierdie jaar se Huiskomverkiesing gekenmerk, nadat aanvanklik onsekerheid bestaan het oor Haak en Steek (Heimat Uitbreiding) se aandeel in ons interne huishoudelike organisasie.

Baie geluk aan At Erasmus en Drikus Venter wat onderskeidelik as primarius en onderprimarius verkies is.

Kompleks het hierdie jaar besluit om af te wyk van die gewone formele dinee, en gaan die jaar afsluit met 'n lekker gesellige braaivleis.

## LIBERALIA

DIE manne van Liberalia het weer eens met die oog op aanstaande jaar 'n gedugte huiskomitee gekies om aan die roer van die sake te staan. Hulle is Willie Reinecke (Primarius), Piet Schoeman en Johan du Pisani. Ons beste wense gaan aan hierdie manne en mag die Here hulle seën op hul werk. Ons dank gaan aan hulle wat hierdie jaar die leisels gehou het.

## Heide

TWEE-EN-TWINTIG September was vir Heide 'n groot dag. Ons het Lentedag gehou — getooi in pienk en wit. Dis egter nie al nie, die aand is ons afskeidsdinee gehou met oorvloed kos wat in gesellige luim verslind is.

Almarie Smith het vaarwel gesê as Primaria — al is sy volgende jaar nog hier. Die groot „Heide-berg" wat ons die jaar moes klim se kruin is nou ampter bereik. Dit sal Alvira Ferreira wees wat volgende jaar die eerstejaars se hande moet vat om weer onder te begin klim — ons kan maar net sterkte toewens vir haar en die huiskomitee.

## Kasteel (F.G.D.)

OP die 11e September het ons Kastelers besluit om 'n nuwe huiskomitee te kies vir 1973, wat in die voetspore van die ou H.K. sal volg.

Die nuwe H.K. is soos volg: Primaria Nicolene Engelbrecht; onder-Primaria Ester Rumpff en mede H.K. lede Nettie Kleynhans; Bärbel Weber en Maria Klopper.

Die nuwe H.K. het nie op hulle laat wag nie en het dadelik reëlings begin tref vir die dinee wat plaasgevind het op Saterdag die 23e September en wat 'n reuse sukses was.

## KASTEEL „WIMPY-BAR"

ONS is tog darem nog op die plaas, al het ons so lanklaas van ons laat hoor! En is ons nie in ons volle glorie hier nie, né!

Nou net 'n waarskuwing: Moenie bo-oor hierdie berig nies nie, want netnou nies jy dalk 'n stofwolk op Daar is darem 'n effense troos, en dit is dat gras eersdaags sy verkyning in die roesrooi woestyn sal maak en sal poog om die stofwolke in toom te hou.

Die rus en stilte is wreed versteur — tot irritasie van die akademiese wrakke en tot vreugde van opposisie — deur die „intrek" van 'n hele interkomstelsel in die „slush", en telefone ook! Afgesien daarvan dat die lyne so nou en dan geknoop word, vind ontknoping nog vinniger plaas en die manne kan die drade maar laat sing (7239 en 7510).

Intussen is ook ons koshuisdinee gehou, en sommige ouens het die verrassing van hul lewens gekry toe hul skote raak was — selfs springbokke en SR's ('n nuwe ras) het in die slag gebly.

Die nodige inspirasie word bedags, en soms selfs snags, deur die oorlog verkaf as hulle energiek links-regs: één — twee — drie — één — beweeg!

Die gees wat hier heers is nog steeds „stream-line" — uit die boonste rakke. Nooit verruil ons ons Wimpy-Bar nie.

Viva la Wimpy-Bar!

## OVER-DE-VOOR

TOT dusver het Over-de-Voor 'n baie geslaagde jaar agter die rug. Hoe dit hier vanaf Oktobermaand sal gaan, sal die toekoms nog leer.

Verkiesing was die afgelope tyd die belangrikste gebeurtenis op die kampus. So het die jaarlikse huiskom.-verkiesing dan ook aangebreek.

Die huiskom. vir 1973 sien dus soos volg daarna uit: Carel van Heerden — Primarius, Pieter Mulder, Paul Jordaan, Hannes Verwey, Charl v.d. Merwe, Oosie Oosthuizen.

Met 50,000 gell. water op hulle rekening, lyk dit dus asof hulle die termyn met 'n redelike agterstand begin.

# GARY PLAYER BY KUESTA

**KUESTA. — 'n Woord wat op die oomblik baie gehoor en gebesig word. Wat beteken KUESTA? Dit is 'n afkorting vir „kuns" en 'n „fiësta" (fees), dit is dus 'n kunsfees en word deur die A.S.B. aangebied. Die groot nuus is dat KUESTA 73 aanstaande jaar op die Puk-kampus aangebied gaan word vanaf 2-6 April. Nou kom die vraag by ons op wat die kunsfees alles behels.**

Die Sentrale Reëlingskomitee het besluit om o.a. die volgende kursusse aan te bied:

Televisie: dit sal die hooftema van KUESTA wees en sal deur al die kursusgangers bygewoon moet word. Dit sal televisie tot in sy fynste besonderhede behandel.

Gourmet: dit sal die maak van lekker kossoorte wees.

Sweiswerk: hierby word verskillende vorms van elementêre sweiswerk ingesluit wat deur 'n bekende maatskappy aangebied sal word.

Dwelmbestryding: die Weermag sal 'n kursus aanbied oor o.a. die opleiding van hul agente, breinspoeling, rehabilitasie ens.

Openbare redevoering: die Dale Carnegie-kursus sal aangebied word.

Gholf: Gary Player sal genader word om 'n vertoning te kom lewer.

Skeidsregterskursus: hier sal opleiding geskied vir mans in rugby en krieket en vir dames in hokkie en netbal.

Vooraanstande sportpersoonlikhede sal genader word.

Daar sal aan die sosiale sy van KUESTA '73 niks ontbreek nie. Aangesien die kursusse deur die dag aangebied word is elke persoon na aandete vry om te doen wat hy wil. Daar word egter deur KUESTA sosiale reëlings getref, en daar sal elke aand 'n alternatief wees vir wat aangebied word.

Die sosiale program vir die KUESTA week lui basies as volg:

Vir die opening word gepoog om die Eerste Minister as gasspreker te kry. Die Dinsdagaand sal 'n vrugtefees gehou word; daarna sal daar 'n filmvertoning op die kampus aangebied word.

Die Woensdagaand sal 'n opvoering op Klerksdorp bygewoon word. Die geleentheid sal in die Klerksdorpse Skouburg aangebied word. Donderdagaand sal daar 'n kunsfees aangebied word waartydens kunskenners as eregaste teenwoordig sal wees. Sodoende word deelnemers die geleentheid gebied om erkenning te kry vir hul talent. As alternatief sal met die „20th Century" onderhandel word vir 'n filmvertoning. Die Vrydagaand sal daar 'n formele afsluitingsfunksie plaasvind.

Die voorsitter van die reëlingskomitee, mnr. Riaan Odendaal, doen 'n beroep op elke Pukstudent om sy gewig in te gooi. By die beoogde duisend studente van verskillende Afrikaanse universiteite en kolleges wat tydens KUESTA '73 op die Puk kampus kom saamtrek.

KUESTA '73 beoog om die grootste te wees van al sy voorgangers; maar dit kan slegs geskied as daar genoeg belangstelling van die Puk se kant is.

# KULU

Ons is trots om ons nuwe H.K. bekend te stel:

Primaria: Martie Fivaz; onderprimaria: Celia Bingle; Kobie Henning; Belia Booyens; Sonja Kruger.

Ons sê baie geluk en sterkte vir die volgende jaar. Aan die ou H.K. sê ons baie dankie. Hulle het die koshuislewe aangenaam gemaak.

Tydens „geesvangtyd" het Kulu weer eens bewys gelewer van haar oorspronklikheid.

Dié Maandag het die manne se monde in die eetsaal behoorlik oopgehang toe die Kulu dames, uitgevat in lang aandrokkies en manspakke, die eetsaal binne stap. Op ons tafels het kerslig romanties geflikker. Toe die wynproppe klap het die baie mansoë verleë toegekyk.

Die volgende aand het die manne skaars herstel van die vorige aand, toe die Kulu dames in Over de Voor se rugbyklere die eetsaal binne draf. Thaba die groot rugbygeesdriftiges het luidkeels gejuig.

'n Kussinggeveg met Heimat het misluk, want Kulu het met handdoeke 'n teenaanval geloods. 'n Sokkerwedstryd het toe plaasgevind. Die resultaat was toe dat 'n paar Heimatters se skoene verdwyn het. Hierdie nederlaag was te veel vir hulle en toe „ontvoer" hulle 'n paar Kulu dames.

Een oggend het Kompleks 'n wonderlike ontbyt geniet — oral het Kulupoppies die eetsaal versier.

Liberalia en Over de Voor sal kan getuig van die wonderlike sêr-episodes in Tomstraat, onder die akkerbome in die romantiese maanlig. Baie dankie vir die lekker koffie daarna.

Die lentelug het beslis 'n invloed op Kulu. Jean kan deesdae nie meer wag dat die naweek moet kom nie, want sy gaan dan Johannesburg toe . . . .

Kulu is 'n oulike koshuis!

# Uitspan

Uitspan, die klein koshuis met die groot gees, het hierdie jaar groot hoogtes bereik. Dit kon ook nie juis anders onder die bekwame leiding van Tinie van der Walt (alias Massey-Ferguson) nie. Met ,Ouboet' Fred Baird aan sy sy, is reg en geregtigheid deeglik gehandhaaf. Dankie en alle sukses vir die toekoms Tienie. Aan Fred kan ons maar net sê: Sterkte! (Hy gaan mos die strop om sy nek laat plaas).

En toe, die huiskom vir die nuwe termyn. Hartlik geluk aan Simon Coetzee wat gekies is as Primarius vir 1973. So ook aan Flip Divinger wat ,Ouboet' of te wel onderprimarius sal wees. Sterkte vir julle en ons Uitspanners beloof (soos altyd) ons ondersteuning en samewerking in alle opsigte. En Pukke, ons gee julle drie raaie wie gaan volgende jaar die vlotkompetisie wen!

# KARLIEN

Elke koshuis is 'n klein gemeenskappie op sy eie, met sy eie gewoontes, tradisies en manier van dinge doen. So beskou ek Karlien as 'n heel besondere gemeenskap binne die studentemassa.

My taak as primaria sien ek dus ook uitsluitlik as diens aan hierdie gemeenskap van Karlien, om die regte en voorregte van elke inwoner op alle terreine van ons studentelewe te beskerm.

Daar is 'n uitdaging aan my en die res van die nuwe H.K. gerig — en ons wil dit aanvaar in die geloof dat daar van dag tot dag vir ons 'n Lig in die pad sal wees.

Ons wil graag in ons koshuis 'n gees van lojaliteit, eenheid en toegewydheid skep, met die regte gesindheid teenoor plig en plesier, om sodoende nuttige, gebalanseerde en bruikbare studente aan die universiteit, en later aan die samelewing, te lewer."

So praat ons nuwe primaria, Betsie Schlebusch.

Betsie is met groot entoesiasme as ons nuwe primaria ontvang. Met haar stil en bedaarde optrede geniet sy al klaar die lojaliteit van al die dames van Karlien. Sy is tans besig met haar B.Sc.-graad in H.H.K. en na die voltooiing daarvan sal die Kovsie, Arrie, al haar aandag geniet.

Ilge Bester, ons onder-primaria, voltooi hierdie jaar haar B.Sc.-graad en is van plan om aanstaande jaar U.O.D. te doen. Om fiks te bly speel Ilge vir ons koshuis netbal.

Tilla Smit is nog 'n student in B.Sc. H.H.K. en vol ywer vir haar taak van volgende jaar.

Praat van sportief dan is dit sekerlik Triena Roestorf. Volgende jaar sal sy vir die derde keer die Puk se eerstenetbalspan aanvoer. Sy is van plan om volgende jaar Honneurs in Wiskunde te doen.

Aan organisasievermoë skiet Martie de Wit nie te kort nie — die P.A.S.V. is bekend vir sy sosiale aktiwiteite en aan die organisasie daarvan sal Martie deel hê. Haar kursus is dus B.Sc. Farm.

Vir Hester Venter, kranige landloop-atleet van Karlien, sal die eerstejaars van volgende jaar moet ligloop. Sy is ook 'n student in B.Sc. Farm.

Netbal en H.H.K. is blykbaar aan die orde van die dag op Karlien se nuwe H.K. Hiervan kan Yget Bester getuig.

Lena du Plessis, die enigste B.A. student op die H.K., het volgende jaar 'n bykomende taak nl. as sekretaresse van Thalia.

# *Kasteel Kassandra (J.K. en E.)*

„Daar's 'n ses voet hoë heining om Kasteel omgespan . . ."

Ja-nee, hierdie jaaroue koshuis het nou-die-aand 'n baie geskiedkundige oomblik beleef. Dit was nl. ons eerste opregte H.K.-verkiesing. So-iets kan natuurlik nie sonder 'n fees verbygaan nie — en was dit nie groot nie!

Maar om terug te keer tot ernstiger dinge, die nuwe H.K. sien so daaruit:

Mari le Corni — Primaria (E)
Rika Prinsloo — Onder-primaria (J); Nicolette van der Walt (J); Mathilda van Wyk (E); Caro Naude (K); Mirka Janse v. Rensburg (K).

Hierdie klompie asters het groot dinge in gedagte. Daar is byvoorbeeld werk gemaak om ons snoepie vroeg volgende jaar in te wei. Die rakke daarvoor is al ingebou onder in J se kelder — ai tog, die vetrolletjies.

Elke gangetjie gaan ook sy eie naam kry, byvoorbeeld iets soos ,Jy's myne', ,Sonskynouetehuis', ens.

Die huidige eerstejaars dink kliphard aan 'n koshuislied. Singsing gaan ons die ou jaar uit, en netso vrolik die nuwe in.

Na die uitvoering van al dié planne, wag daar 'n puik koshuis op volgende jaar se eerstejaars — 'n koshuis en tuiste om op trots te wees, of hoe?

Hierdie is die laaste Wapad vir 1972.

DIE REDAKSIE GROET U TOT 1973.

# *OOSTERHOF*

Die groot opwinding van die S.R.-verkiesing was nog skaars 'n dag oud, toe kom daar al weer ons H.K.-verkiesing. Die koshuis was met vrolikheid opgetooi, van die voorportaal tot binne-in elke kamer. Van klas draf was daar min sprake. Vanaf agtuur die oggend tot sesuur die Donderdagaand het ons ou H.K. 'n heerlike piekniek gehad by die voordeur met musiek, eetgoed (natuurlik), en 'n hallo aan almal wat hul stembriefies kom haal het.

Toe dit uiteindelik 10.15 nm. was, het menige aster 'n diep sug gesug want die dag was meer 'n senuweetoets, veral toe ons pa, Prof. Schalk Duvenage, met 'n groot gejuig die . . . ou H.K. aankondig. Om ons nog meer te treiter vertel hy van die heerlike dag en die naderende eksamens! Die nuwe H.K. word juigend aangekondig. Trane van opgewondenheid en ongeloof was aan die orde van die dag, veral toe hul heelwat later hulle kamers betree!

Onder die heel bekwame leiding van ons primaria, Hester Grobler, Charlotte Kirsten ons onder-primaria, Elna Gouws, Hester v.d. Walt, Nelia v. Rooyen en Annette v.d. Walt en met die hulp van Bo, sal Oosterhof weer in sy volle glorie uitstraal, met ons weer eens unieke dinee in ons eie eetsaal die 6de Oktober en ook volgende jaar!

# DORP

Soos al die koshuise is die Dagstudente ook baie trots op sy nuwe bestuur:

Voorsitter: Dawid Weyers; onder-voorsitter: Jan Nagtegaal; sekretaris: George Lotter; Minister van Sport: Eric van der Walt.

Die nuwe bestuur het groot planne vir volgende jaar en hoop om die dinge wat hierdie jaar die eerste keer gedoen en georganiseer is, nog verder te voer aanstaande jaar.

Langs hierdie weg wil ons alle dagstudente bedank vir hulle hulp hierdie jaar en hoop ons sal die saak van Dorp nog tot groter hoogtes voer!

# P.N.B. BEKYK DIE PRAKTIESE POLITIEK

**„HOE sien u Suid-Afrika oor 10 of 20 jaar as u politieke party aan bewind sou wees?" Dit is die vraag wat die P.N.B. in die komende termyn aan elke Puk-student wil vra. Dit sal ook op 3 programvergaderings, as dinge volgens plan verloop, aan die Transvaalse leiers van die vernaamste politieke partye gevra word.**

In 'n onderhoud met die Wapad het mnr. Pieter Mulder, voorsitter van P.N.B., gesê dat die gemiddelde Puk-student nog nie genoeg gedink het nie aan hierdie kardinale vraag wat hom (en sy gesin) direk raak.

Klem sal veral gelê word op elke party se verhoudingsbeleid, ekonomiese beleid en arbeidsbeleid. Sake soos werkafbakening, groepsgebiede, ontug en gemengde huwelike, benutting van arbeidspotensiaal, lewensvatbaarheid van Tuislande en 'n Superparlement kan ter sprake kom. Die moontlikheid dat 'n tuislandleier genooi sal word om hier op te tree, word ook nie uitgesluit nie. Kapt. Lucas Mangope van die Tswanavolk sou die 27ste September 'n P.N.B. vergadering toegespreek het, maar het later laat weet dat hy nie meer kan kom nie.

Die desentralisasie van die struktuur stel die P.N.B. instaat om sy stem dik te kan maak. Verteenwoordigers is vir elke koshuis benoem. Sodoende is die komitees uitgebrei.

'n Komitee vir toer sal in die komende termyn P.N.B.-toer reël. Die eerste daarvan vind gedurende die Januarievakansie na die Parlementsopening en Wantrouedebat plaas.

'n Studiekomitee sal die daaglikse koerante, tydskrifte en politieke publikasies bestudeer. Op aanbeveling van hierdie komitee sal die bestuur dan op persberigte en soortgelyke stof reageer, ook in die Wapad.

Die Inter-Universitêre komitee sal studentepolitiek bestudeer. Hy sal die S.R. adviseer aangaande studentekoerante, NUSAS-newsletters, S.R.-notules e.d.m.

## Oorsee in belang van kleinhandelaars

**Prof. N. J. Swart, direkteur van die Instituut vir Kleinhandelaars aan die Potchefstroomse Universiteit, vertrek op 9 September 1972 na Europa waar hy by twee internasionale vergaderings voordragte sal lewer oor sake wat die kleinhandel raak.**

Op 18 September sal hy in Brussels, België, die „Third World Conference on Distribution" toegespreek oor „The Consumer of the seventies and the adaption of distribution methods in Europe and South Africa." Die konferensie word gereël deur die „National Retail Merchants, Association" van die V.S.A. en die Belgiese komitee vir distribusie.

Van 25 tot 30 September woon prof. Swart die tweejaarlikse byeenkoms van die „Recontres de St. Gull" in Switserland by. Dit word gereël deur prof. E. Gutersohn, direkteur van die Instituut vir Kleinhandelbedrywe in Switserland. By dié byeenkoms sal prof. Swart twee referate lewer oor kleinhandelbeleid en die rol van institute aan universiteite in die ontwikkeling van die kleinhandel.

### Werksgemeenskap

Volgens prof. Swart is die „Recontres de St. Gull" eintlik 'n internasionale werksgemeenskap bestaande uit die direkteure van internasionale organisasies wat die belange van die kleinhandel in die verskillende lande behartig. Dit bied waardevolle kommunikasie met persone van ander wêrelddele. Deur dié liggaam word probleme deur deskundiges en op georganiseerde wyse aangepak.

### Dienste

Prof. Swart sal ook ander institute vir kleinhandel in Europa besoek voordat hy na die Republiek terugkeer. Hy het vroeër vanjaar byeenkomste van die georganiseerde kleinhandel in Rhodesië, Malawi en Mozambiek toegespreek oor die dienste wat so 'n instituut aan die kleinhandelaar kan bied.



PROF. N. J. SWART
(Foto: Fotokuns)

## GOEDKOPER LUGVERVOER

Daar bestaan reeds lank 'n behoefte by studente om goedkoper lugvervoer na Europa te bekom. Vervoer by wyse van huurvlugte (sg. Charter flights) of met ekskursietariewe (45 of 70 dae ekskursies) bied goedkoper vervoer, maar studente is gebonde aan sekere vertrekdatums.

In gevolge 'n onlangse ooreenkoms tussen ons regering en die Franse regering kan alle persone onder die ouderdom van 28 jaar nou tussen Johannesburg en Parys (Frankryk) vlieg met 'n retoerkaartjie wat vir 'n jaar geldig is en R370 kos teenoor die normale tarief van R699,80.

Die ASB tree as agent in Suid-Afrika op en belangstellendes kan k.m.b. by die Sekretaris, ASB Hoofkantoor, Posbus 8711, Johannesburg aansoek doen. Die lugredery wat gebruik kan word is UTA of SAL.

Die skema sal veral vir nagraadse studente handig te pas kom maar ook vir studente en ander jongmense onder 28 wat op hul eie oorsee wil gaan en nie aan vasgestelde vertrektye gebonde wil wees nie.

## Werkverskaffing

Die Werkverskaffingskomitee van die S.A.B. het vakansiewerksgeleenthede vir studente wat oor die hele land versprei is. Hierdie geleenthede wissel vanaf toesighouer tot fabriekswerker. Studente wat belangstel kan in die middae vanaf 1.30 nm. tot 2 nm. by die S.R.-kantoor inligting verkry. Daar is ook 'n geringe aantal permanente poste beskikbaar.

## A.S.P.U.



**Op 16 September is die nuwe A.S.P.U.-hoofbestuur in Bloemfontein verkies. Die lede is: Voor: P. de Villiers (N.K.P.) o/voors.; J. Beukes (U.O.V.S.) voors.; D. van der Walt (P.U.K.) sekr. Agter: N. Bosman (TUKS), P. Gildenhuys (U.O.V.S.)**

## Belangrikheid van Bodemkunde geskets

„As daar in ag geneem word dat goeie landbougrond dikwels minder geskik is vir die oprigting van geboue en paaie en in ieder geval, vanweë hul landboupotensiaal nie bedek behoort te word nie, dan is dit belangrik dat die keuse op 'n wetenskaplike grondslag moet geskied." Dit is die mening van prof. H. J. Harmse, direkteur van die Instituut vir Bodemkunde aan die P.U., wat sy intreerede op 8 September gehou het.

Hy het daarop gewys dat daar volgens 'n kommissie van ondersoek na landbou, in 1968 in die Republiek 3 miljoen hektaar grond bedek was deur paaie, spoorweë en geboue. In die V.S.A. word jaarliks 1 miljoen akker bedek, het hy gesê.

In 'n pleidooi om die bewaring van ons bodem, het prof. Harmse verwys na die afhanklikheid van die mens van die grond. „Die groot beskawings van die verlede het sonder uitsondering goeie grond as een van hul belangrikste hulpbronne gehad. Die agteruitgang langs die Tigrus en Eufraat word trouens deur verskeie outeurs gekorreleer met 'n progressiewe verswakking in die produksiepotensiaal van hul grond. In sommige gevalle, soos in Griekeland was erosie die primêre faktor, in ander weer was dit verbrakking van besproeiingsgrond.

„Baie van die landbouprobleme van die Republiek is 'n direkte uitvloeisel daaruit dat die basis vir beslissings, soos vir beplanning en finansiering, hoofsaaklik dié gegewens is wat op 'n distriksbasis ingewin en verwerk is. Dit hou in baie opsigte nie verband met die werklikheid nie, omdat die distriksgrense arbitrêr gekies was en nie die groot verskille in die produksiepotensiaal van grond oor kort afstande binne dieselfde klimaatsone in aanmerking neem nie."

Oor die geskiedenis van bodemkunde het prof. Harmse opgemerk dat die eerste poging tot 'n sistematiese benadering in die studie van gronde blykbaar 40 eeue gelede in China aangewend is. Dit was 'n groepering van gronde volgens hul kwaliteit, op die basis van hul bekende produktiwiteite. Hierdie metode is aangewend met die uitsluitlike doel om die grootte te bepaal van eenhede wat aan individue vir bewerking toegeken is, en waarop hulle belasting moes betaal. Die uitgangspunt was skynbaar dat 'n ondernemende individu wat homself op 'n swak stuk grond bevind deur die belastingsisteem bevoordeel sal word, terwyl 'n swakke op goeie grond weer deur die belasting gedwing sal word om dit af te staan aan 'n bekwamer persoon.

„In Rusland is daar in die laaste dekades van die vorige eeu 'n soortgelyke poging aangewend om belasting in verband te bring met die produksiepotensiaal van gronde."

Die Potchefstroomse Universiteit is een van enkele Universiteite in Suid-Afrika wat Bodemkunde as hoofvak vir die B.Sc.-graad aanbied.



PROF. H. J. HARMSE
(Foto: Fotokuns)

MANS EN DAMES!
KLERE-VERSTELLINGS

Ons het nou reeds 5 opgeleide masjiniste om voor te bly, sodat ons vir u vinnige en deeglike diens kan gee.

Laat ons hierdie kruis vir u dra. Bring maar gerus. Ons is al oor en oor getoets en ons kliënte is tevrede.

ESLITA
KLERE-VERSTELLERS
Tel. 6775, Potch Pressgebou, Olënlaan 3A, Potchefstroom.

HUIS en TUIN
Vir al u Student behoeftes.
★
Tel. 4641
★
U KEN ONS

HUISE, PLASE, PLOTTE, BESIGHEIDSTANDPLASE
Besoek my eerste vir eerlike transaksies
G. Schoonhoven
TOMSTRAAT 86A
Tel. 5136
Na ure Holtzhausenstraat 20
Tel. 6056, Potchefstroom

BY VOORKEUR
Gebak deur
Turkstra
BY VOORKEUR



(Foto: Fotokuns)

DIE VERSINGSKOMITEE

# SANGFEES '72

Met die wegsterf van die laaste tone uit die Slawekoor van Nabucco van Verdi, het ook 'n baie geslaagde Sangfees hier aan die Puk ten einde geloop.

Dit is die eerste keer dat 'n Sangfees in dié vorm hier aangebied is en dit gaan 'n jaarlikse instelling word.

Die Drakensbergse Seunskoor het gesorg dat dit op 'n hoë noot begin en te danke aan die Pretoriase Universiteitskoor het dit met net so 'n hoë noot geëindig. Ander bekende kore soos die Ambassadeurs-, Klerksdorpse Stadskoor en P.O.K. se Dameskoor het onderskeidelik gedurende die week opgetree. Benewens dié bekende kore het ook koshuiskore van Pote en Puk opgetree wat ook getuig het van 'n baie hoë standaard. Volgens die Voorsitter van die Sangfeeskomitee, was dit 'n reuse sukses en sal die Sangfees volgende jaar uitgebrei word, deurdat meer koshuiskore sal optree.

Vir die droë kele is daar ook voorsorg getref en aan dié dames wat die meeste uit Kulu gekom het, asook ander persone en instansies wat die Sangfees moontlik gemaak het, hartlike dank. Ons maak weer so!

# *Taak, moontlikhede, en toekoms van Christelike Universiteit*

**VOOR 'N STREEKKONFERENSIE van die A.C.B. (die uitgewers van „Woord en Daad"), C.O.V.S.A. en S.A.V.C.W. het 'n besoekende Nederlandse akademikus, prof. dr H. J. Hommes, hoogleraar in die Fakulteit Regte aan die Vrije Universiteit van Amsterdam gepraat oor „Die Christelike Universiteit; sy taak, moontlikhede en toekoms". Die verrigtinge het plaasgevind voor 'n uitgelese gehoor in die Senaatsaal van die Administrasiegebou op Vrydagaand 22 September om 8.15.**

In sy openingsrede as voorsitter het prof. Stoker sy gashere en prof. dr. Hommes aan mekaar voorgestel. Hy het dit genoem dat prof. Hommes 'n opvoger van Dooyeweerd is. Prof. Hommes het dan ook in 1961 onder prof. Dooyeweerd gepromiveer. Sy vakoptrede is Regsfilosofie, Regsensiklopedie en Oud-Vaderlandse Reg.

Prof. Hommes het begin deur daarop te wys dat die beweging wat aanleiding gegee het tot die bestaan van Christelike Universiteite vandag in Nederland en Suid-Afrika deur Abraham Kuyper begin is. In hierdie verband het hy gewys op die groot ooreenkomste wat bestaan tussen die Vrije Universiteit en die Potchefstroomse Universiteit.

Later het professor Hommes ook daarop gewys dat daar wel ook in die 16de eeu Christelike universiteite in Europa was soos Leiden wat in 1573 gestig is. In Amerika was die universiteite van Harvard, Yale en Princeton ook oorspronklik Christelike universiteite gewees.

Wanneer hy die taak van die Christelike universiteit bespreek sê prof. Hommes dat hy hom in hierdie opsig voeg by wat Kuyper hieroor te sê gehad het en dat hy daar niks van kan weglaat of kan bysit nie. Hy moet net duidelik maak dat die skoolstryd in Nederland en die stryd vir 'n Christelike universiteit eintlik 'n stryd om die emansipasie van die Nederlandse volksdeel wat gereformeerd was, was.

Prof. Hommes sê dat die grondslag van 'n Christelike universiteit ekumenies-reformatories is en moet wees en nie op eng kerkistiese lyne mag berus nie. Dan het 'n Christelike universiteit verder nog 'n nasionale en 'n internasionale betekenis.

Prof. Hommes stel die vraag dan wat die gereformeerde beginsels is en hoe dit uitgeleef en uitgewerk moet word. Hier moet ons kan ritstyg bo sekere onkonsekwenthede wat ook selfs in Kuyper se denke aanwesig was. Ook Kuyper het later weer die idee van Christelike wetenskap in 'n skolastiese sin opgevat. Hier word ons gekonfronteer met 'n ander lyn in Kuyper se denke.

Prof. Hommes sê dat die Christelike wetenskap 'n antwoord moet gee aan 'n vraag wat eers na Calvyn deur Kant gestel is na die kennende subjek; die grondslae en grense van ons kennis. Kant was die eerste kritiese wysgeer in die Weste. Calvinisme moet ook hierdie vrae beantwoord. Dan kan ons rekenskap gee van die verbindingspunt tussen die sentrale boodskap van die Bybel en die vakwetenskappe. In hierdie opsig kon die ou Calviniste van voor Kant ons geen leiding gee nie. Daarom ook het die vroeëre Christelike universiteite in die neutrale wetenskapsbeoefening opgegaan.

Hier is volgens prof. Hommes dus sprake van die transendentale denkkritiek wat moet vra na die bo-wetenskaplike en die boteoretiese beheersing van wetenskaplike dinge. Die humanistiese natuurregleer praat egter van 'n algemeen menslike en universele neutrale wetenskap. Ook die Christelike wetenskap maak soms die fout om Christelike wetenskap te sien as bloot net die samewerkingsverband tussen Christene, of die uitvoering van sekere Christelike ideale soos hulp aan onderontwikkelde lande.

Oor die toekoms van die Christelike universiteit het prof. Hommes gehuiwer om veel te sê. Hy stel dit dan ook dat hy nie baie te sê het daaroor nie. Prof. Hommes sê slegs dat hoewel die Christelike universiteit wel 'n belangrike rol het as 'n samewerkingsverband tussen Christene dit slegs waarlik Christelik kan wees as dit Christelik in karakter is en probeer om die ideaal van 'n vernuwing op Christelike grondslag in al die vakwetenskappe te bewerkstellig.

Na die rede van prof. Hommes het prof. Stoker 'n kort bespreking ingelei en daarna met enkele kort woorde afgesluit. Dr. N. T. v.d. Merwe het prof. Hommes bedank.

Die besoek van prof. Hommes is moontlik gemaak deur die A.S.B. van Bloemfontein in samewerking met die V.C.H.O.

**Bult Droogskoonmakers en Wassery**

●

STUDENTE!

Dit is U droogskoonmakery en wassery. Hier sal u tuis voel

●

BRING U SAK WASGOED — SPESIALE DIENS AAN STUDENTE.

Herstelwerk aan klere in 'n japtrap. Fout met u skoene? Bring hulle ook!

★

AFSLAG OP SEKERE HOEVEELHEDE.

●

Tomstraat 98 Telefoon 6674

**Vriendelike bediening van 'n mede-Afrikaner by . . .**

BAILIEPARK PADKAFEE

(Langs die Johannesburgpad geleë)

**GOEIE KOS!**
**FLINKE DIENS!**
**U tevredenheid is ons PLESIER!**

*Ons onderneem ook bestellings aan koshuise tot baie laat in die nag na koshuisvergaderings*

**TEL. 6670**

# *SANGFEES DUISEND*



(Foto: Fotokuns)

Aan elke Puk wat 'n aandeel gehad het in die afgelope sangfees hartlike dank en gelukwensinge met die mooi gesindheid wat geponbaar is.

Baie geluk aan Johan van Dyk en elke lid van sy Kompleks — Klawerhofkoor. So ook aan Heydie Kruger en die lede van haar Kulu-Dorp-Piet Groblerhuiskoor. Hierdie kore se voordrag was van 'n besondere hoë standaard en verdien ons Pukke se grootste waardering.

Waar ons kleiner koshuise, soos in die verlede ook al gebeur het met die koshuiskore die leiding geneem het, is ek oortuig dat ons groter koshuise in die toekoms by hulle sal aansluit. Dit is seker tog die plig en trots van elke koshuis om by die sangfees van 1973 verteenwoordig te word.

'n Besondere woord van dank aan elke lid van die Sangfeeskomitee vir die mooi samewerking. So ook aan die dames van Kulu, wat onder die geesdriftige en bekwame leiding van hulle primaria en huiskomitee gedurende die week van die sangfees omtrent 600 mense onthaal het.

Dit was 'n ware genot om te sien hoe almal aan die werk gespring het om van hierdie swakke poging 'n sukses te maak.

Ryno Louw — voorsitter sangfeeskomitee.



## AANDDRAG

DIRK VENTER, U.O.D.-student, het bewys dat etiket en kleredrag vergete is wanneer die Alabama onder 'n mens se vel inkruip!

Dirk het te midde van al die swier wat altyd met Alabama gepaard gaan, daar opgedaag in 'n kakiebroek en -hemp, kruisbande, en gepyp.

Dit is darem nie werklik onkunde aan Dirk se kant nie — sy makkers het hom vir ses blikkies „brood" uitgedaag om dit te doen.

# Burgemeester word ingehuldig



**MNR. KOOS KAFFER KRUGER het sy amp as Burgemeester van Tarentaal neergelê.**

**Op die Lentefees is hierdie amp oorgedra aan die agbare „Scotty". Mnr. Fika van Rensburg, nuwe S-R voorsitter, neem die inhuldiging waar terwyl Nico Ligthelm, voorsitter van die A.O.B., Kobus v.d Walt: (ondervoorsitter) en die Burgemeestervrou, toekyk.**

# LIBERALIA WEN SKAAK

**LIBERALIA het weer eens vanjaar getoon dat alhoewel hy een van die kleinste manskoshuise is, hy nogtans bo uitkom. Hulle het vanjaar die skaakkompetisie gewen en daarmee ook die skaakbeker verower.**

Die span het bestaan uit vier spelers naamlik Neville Nightingale, Lammie Bester, Attie Gerber en Tjaard Venter. Die span het vier wedstryde gespeel waarvan hulle drie gewen het.

Die uitslae was as volg: verloor teen Skuur 1—7; wen Makouvlei 8—0; wen Over de Voor 8—0; wen Dorp 8—9. Dorp gee punte omdat hulle nie 'n span bymekaar kon kry nie.

Die opkoms by die wedstryde was goed, maar daar kan gerus meer spelers aan die kompetisie deelneem.

# *Karnavalleiers konfereer*

**DIE JAARLIKSE JOOL- en Karnavalvoorsitterskonferensie vind vanjaar op ons kampus plaas, en wel op 29 en 30 September 1972. Die konferensie sal gehou word in die Senaatsaal in die Administrasiegebou. Alle studente is welkom om enige tyd in te loer vir interessantheid.**

Die verrigtinge begin op 29 September om 9.00 vm. en sluit die 30ste om 1.09 nm. af. Tydens die periode sal aktuele universele sake van kardinale belang op alle kampusse bespreek word. Sake op die agenda is o.a. reklame, debutante, stalletjies, vlotte, ens.

Nico Ligthelm, Karnavalvoorsitter van 1972 en ondervoorsitter van die Studenteraad sal as voorsitter van die konferensie optree. Die Puk-afvaardiging bestaan uit Kobus van der Walt, Karnavalvoorsitter van 1973 en Vasie de Kock. Albei is Studenteraadsverteenwoordigers van die A.O.B.

Die volgende Universiteite sal verteenwoordig wees op die konferensie: Wits, die Universiteit van Pretoria, R.A.U., Rhodes, U.O.V.S. en die Universiteit van Stellenbosch.

Weens akademiese drukte sal die Universiteite van Kaapstad, Natal, Durban en Pietermaritzburg en Port Elizabeth nie verteenwoordig wees nie.

Dit beloof om 'n baie interessante konferensie te wees. Die Puk voel geëerd om as gasheer op te tree vir 'n konferensie van so 'n aard.

# Op eie werf

**DRIE PUKKE was ingesluit in die span van Wes-Transvaal wat Vrydagaand op Olënpark teen 'n Suid-Afrikaanse Weermagspan kragte gemeet het. Hulle was Riaan Lotz, Shoe Schutte en Schalk van der Merwe.**

Die feit dat die Puk vanjaar net 4 van die 9 bekers waarvoor hy ingeskryf het kon wen, behoort hom nie tot onrus te stem nie. Hy kan homself baie ongelukkig ag dat hy nie vanjaar weer die houer van die Blaine- en Bosmanbeker geword het nie.

Daar daar redelike diepte in die Puk se rugby was, blyk uit die feit dat nie minder as 12 spelers Wes-Transvaal vanjaar verteenwoordig het nie. Hulle was Schalk van der Merwe, Gerrit Botha, Eugene van Wyk, Johan Hunter, Piet Roodt, Spottie de Waal, Theuns van Rensburg, Maarten Schutte, Piet Brand, Dries Coetzer, James Stoffberg en Bernard Bernardo.

Wat die prestasie nog merkwaardiger maak, is dat die Pukke twee skrumskakels en nie minder as 3 losskakels aan die provinsiale span gelewer het nie. 'n Man soos Frans Kruger wat in die Puk-Rustenburg-wedstryd vir Kobus Koorts ore aangesit het, kan homself ongelukkig ag dat hy nie die provinsiale span kon haal nie.

Aan Christo Holtzhausen en prof. De Wet wat veral in die tweede helfte van die seisoen die Pukwa deur diep driwwe gesleep het, baie dankie.

# STOEIERS KLOP U.O.V.S.

**DIE PUK-STOEISPAN het vanjaar weer daarin geslaag om die Kovies te klop. Verlede jaar het die Pukke geseëvier met 9½—1½. Hierdie jaar het die Pukke nie so ver gewen nie maar tog nog geslaag om met 8½ gevegte teen 5½ gevegte te wen. Ons wens die stoeispan geluk. In dieselfde asem simpatiseer ons ook met ons eerste rugbyspan. Al wat ek kan sê is dat volgende jaar nog 'n jaar is.**

Hier volg nou die uitslae: Die Pukke se name word eerste genoem:

Kapokgewig: C. Krause verloor met 'n val in die eerste rondte teen B. Blignaut.

Liggewig: K. Ferreira wen G. Mastriodes met 'n val in die eerste rondte.

Veergewig: J. Lemmer wen B. van Straaten met 'n val in die eerste rondte.

Weltergewig: A. Deacon verloor met 'n val in die eerste rondte teen A. Ferreira.

Middelgewig: A. van der Walt wen D. van der Merwe met 'n val in die eerste rondte.

Kapokgewig: M. van Rensburg verloor met 'n val in die eerste rondte teen B. Blignaut.

Veergewig: J. Lemmer wen D. Botes met 'n val in die tweede rondte.

Ligswaargewig: J. Viljoen wen G. Ferreira met 'n val in die eerste rondte.

Weltergewig: P. Hunter verloor met punte teen P. Visagie.

Ligswaargewig: J. Lourens verloor met 'n val in die tweede rondte teen A. Bezuidenhout.

Middelgewig: D. van der Walt wen N. Koen met punte.

Ligswaargewig: L. Kruger stoei gelykop teen C. Ferreira.

Swaargewig: P. Preller wen B. Kruger met 'n val in die derde rondte.

Liggewig: G. Brown wen W. Kriel met punte.

# Sportvrou

D. Robertson-beker — R. Jacobs
Landloop-beker — B. Rose.
Wapenmeesterskild — S. van der Walt
Damesfloret — T. Strydom
Korfbal-beker — Heide
Netbal-beker — Karlien
Swem-beker — Klawerhoof en P.G.D.
Atletiek-beker — Karlien en P. G.D.
Tennis-beker — Karlien en Over de Voor.
Krieket-beker — Dorp.
Rugby-bekers A, B, C-liga — Over de Voor.
Uitklopliga B-spanne — P. G.D.
P. Malan-beker — P.U. o/20
C. Booyens-beker — Karlien/Klawerhof en Over de Voor.

Opsommend kan gesê word dat 1972 vir die Puk 'n goeie sportjaar was. Die Puk het 1 Springbok opgelewer, terwyl 2 Pukke vir S.A.-spanne gekies is. Proteakleure is verwerf deur 10 Pukke terwyl drie Pukke die Noordelike Universiteite-rugbyspan gehaal het. Nie minder nie as 80 Pukke het Wes-Transvaal in 12 sportsoorte verteenwoordig.


**KOLLEGE DIENSSENTRUM**

**H/v. Von Wielligh- en Presidentstraat. Tel. 5800**

★

**VIR CITROEN EN RENAULT**

★

**Groot voorraad uitgesoekte, gebruikte motors. Volledige verkope, onderdele en herstelwerk vir alle motors.**

★

**ONS SPESIALISEER IN CITROEN EN RENAULT**

# *Kanoklub op vaart*

**Die P.U. Kanoklub is in Maart vanjaar gestig. Sedertdien het hulle groot opgang gemaak: hulle het 40 lede wat aktief deelneem en daar is reeds 'n toer op die Vaalrivier agter die rug.**

Op 26 Augustus het die klub aan die Taaibosspruitresies oor 'n afstand van 24 km deelgeneem. Dit was hulle eerste poging as span.

Twaalf spanne wat van 12 tot 18 roeiers per span gewissel het, het meegeding. Ofskoon die Puk net 7 roeiers ingeskryf het, het hierdie manne skoonskip gemaak en met 'n puntetotaal van 22 die spantrofee en al die bekers gebuit.

Saal de Jager het die senior afdeling gewen en in die proses twee Springbokke geklop. George Marx het die junior afdeling ingeoes, terwyl Lourens Snyman onder andere onder Deon van Rensburg, Ben Botha en Kerneels Vermaak, sy mede-Pukke, uitgeroei het vir die beker in die afdeling vir beginners. Andri du Plessis het die damesafdeling gewen.

Slegs twee weke later het 8 Pukke gaan spane natmaak in 'n vriendskaplike resies op die Vaalrivier. Soos die vorige keer was George Marx die eerste junior om oor die wenstreep te roei.

In die A-afdeling het Deon van Rensburg en Jan van Rensburg onderskeidelik vir 'n eerste en tweede plek gesorg.

Op 23 September was daar weer 12 Pukke in die water om aan 'n resies oor 30 km op die Pienaarsrivierdam te Pretoria deel te neem. Hierdie uitslae sal later in DIE WAPAD verskyn.

Die klub beoog tans die aankoop van 2 kano's om in Desember aan kompetisies oor 'n totale afstand van 160 km deel te neem.

Om die lyf reg te kry vir die Bergrivier - kanomarathon van volgende jaar, is besluit om 'n uitgebreide toer wat omtrent 600 km sal dek, in Januarie 1973 te onderneem.

Die feit dat die Pukke nie net die jongste nie, maar ook die kleinste kanoklub van die Transvaalse Kano-unie is, het hulle nie verhoed om tans bo-aan die punteleer te pronk nie.

Rassie Erasmus kon weens omstandighede nog nie vanjaar die Puk in sy kano verteenwoordig nie. Hy is 'n uithalerroeier wat 'n goeie kans staan om in die volgende Springbokspan opgeneem te word. Die klub het besluit om erekleure aan hom toe te ken op grond van uitstaande prestasies wat hy behaal het.



**DIE vier Pukke in hul kano's is: George Marx, Saal de Jager, Lourens Snyman en Andri du Plessis.** (Foto: Fotokuns)

# Pukke presteer

Die eer het 4 Puukke te beurt geval om gekies te word vir die span wat teen die Jan Ellis-Uitnodigingspan in Windhoek die afgelope naweek gespeel het.

Hulle is James Stoffberg, Dries Coetzer, Piet Roodt en Willie de Bruyn. Eugene van Wyk is ook gekies, maar moes weens 'n besering onttrek.

Ons wens voorspoed aan dié manne toe!

# RUSTENBURG WEN DIE BLAINE

**Rustenburg het die Pukke Saterdag naelskraap geklop met 25-21 in die eindronde om die Blaine-beker. Was dit nie vir die feit dat China Vorster so sekuur na die pale toe gemik het nie, kon die eindtelling heelwat anders daar uitgesien het. Hy het nie minder nie as vyf strafdoele behaal.**

Die spanne het beide mooi rugby gespeel en gesorg vir 'n spannende wedstryd soos wat 'n mens graag in 'n eindronde wil sien.

Teen rustyd het Rustenburg met 13 punte teen 6 voorgelop en kort daarna weer gaan druk om die telling te verander na 19—6. Oor hierdie drie word daar egter nog baie bespiegel. Slegs 'n minuut of wat later was dit die Pukke se beurt om punte aan te teken.

Op hierdie stadium het daar 'n oplewing in die Pukke se spel gekom en het hulle hul mooiste rugby gespeel. Dit in so 'n mate dat hulle die telling laat verander het na 21—19 in hulle guns.

Ongelukkig is Bernardo in hierdie stadium beseer toe hy sonder die bal gelak is. Die Pukke moes met die sewe voorspelers klaarkom met die gevolg dat Rustenburg 'n effense oorhand voorlangs begin kry het wat hulle in staat gestel het om vir China Vorster binne trefafstand te bring.

Nietemin kon die Pukke nog die wedstryd gewen het as Frans Kruger nie sonder die bal geloop is terwyl hy in 'n baie gunstige posisie was om te gaan druk nie. Verder kon 'n drie toegeken geword het toe Nimrod van Zyl oorgeval het nadat vier Pukke teen een Rustenburger om besit van die bal gestoei het op Rustenburg se doellyn. Sake sou ook anders gelyk het as Jim van Rensburg nie veroorsaak het dat China Vorster 'n vyfde kans pale toe kry nie.

Word die wedstryd dan objektief beskou, was die Pukke ongelukkig om te verloor. Die geeltruie behoort meer op te let na hulle lynstaanwerk. Dries Coetzer en Riaan Lotz behoort baie beter ondersteuning te kry wanneer hulle die bal suiwer vat. So sal Spottie de Waal ook beskerm word teen die lastige voorspelers van die opponente. Van die skrums af word die Pukke se voorspelers te veel onkant betrap.

Wat die agterspelers betref, was die Puk Rustenburg oor. Bernardo is 'n sukses op senter en die man moet nou erken word as 'n baie alsydige speler terwyl Frans Kruger steeds beter en beter vertoon op vleuel.

Nimrod van Zyl wat eintlik nog as 'n nuweling in die groter geselskap beskou kan word, het goeie indruk gemaak en veel kan nog van hom verwag word.

Aan die kant van Rustenburg moet die name van Piet Eloff, Naas Ferreira en kaptein Barry Lowe genoem word. Dit was dan ook Naas Ferreira en Piet Eloff wat Rustenburg se twee drieë gedruk het, terwyl senter Van Wyk en Nimrod van Zyl vir die Puk se twee drieë gesorg het. Voorts het China Vorster met 'n doelskop en vyf strafdoele vir Rustenburg geslaag terwyl Schalk van der Merwe met twee doelskoppe, twee strafdoele en 'n skepdoel vir dertien van sy span se punte gesorg het.

# KLAWERHOF WEN LIGA



**KLAWERHOF het die afgelope seisoen skoonskip gemaak wat die koshuis-liga hokkie betref. Hulle het slegs twee wedstryde verloor, nl. die een teen die Puk se tweede span en die een teen Liberalia — albei met een doel teen nul. Met Intervarsity het ons gelykop gespeel teen Madelief. Die Puk se dameskoshuise moes telkens die knie buig voor die hegte samespel en goeie spangees van die Klawerhofdames.** (Foto: Fotokuns)


na aksie - satisfaksie




*LINDEQUE'S*

SKOENREPARASIES EN LEERWERKE

Lombardstraat 64, Telefoon 4854.



★

*Spesiale pryse aan Studente.*

★

Depots:
Bult Droogskoonmakers en Wesvaal Wassery.